ZCZC //MAIL ZRSIN.06NNNN

ZCZC 437 55555
RMMAIL FAPR 070501

MMSS Weather Mail Service:
ZCZC 960 01621
AAHQ16 FAME 060648
MP 967

1991-03-07

M47-345

DEEL EEN VAN TWEE DELE

NUUSBRIEF 11 VAN MARION 47 : FEBRUARIE 1991

GOEIEDAG VRIENDE EN FAMILIE HIER VANAF 'N NAT EN WINDERIGE MARION. HIER SIT ONS MET NET NOG 'N MAAND OOR VOORDAT DIE BESOEKERS VAN DIE BESKAWING ONS AFSONDERING TOT 'N EINDE SAL BRING EN ONS SIELE GAAN KOM VERSONDIG. WEL,LAAT ONS SOMMER MET DIE MAAND SE GEBEURTENISSE VOORTGAAN VOOR ONS TE VER OP HIERDIE GEVOELIGE ONDERWERP VIR SOMMIGE VAN ONS INGAAN.

SOOS JULLE ALMAL BEHOORT TE WEET,HET DAAR TWEE NAVORSINGS SKEPE UIT AMERIKA ONS BESOEK OP DIE 10 DE FEB. DIT WAS NOGAL 'N SPULLETJIE OM TE AANSKOU SOOS DIE OUENS TEKERE GEGAAN HET. 'SKIP-SKIP' HET DIT DEUR DIE BASIS WEERGALM EN 'N PAAR VAN DIE MANNE WAT NOG 'N UILTJIE OF MEER GEKNIP HET, HET MAAR SWAAR AAN HIERDIE BEWERING GESLUK...(HET OOK BLYKBAAR AL TEVORE SO STEL OF TWEE AFGETRAP)WEL,KON JY NOU MEER-OP DIE HORISON LE DIE OU SKIPPIE TOE.NIE LANK DAARNA IS DAAR GEMERK DAT DIT NIE NET EEN SKIP IS NIE MAAR WEL TWEE.SNAAKSE GEDAGTES HET IN SOMMIGE VAN ONS SE KOPPE BEGIN RONDRAAI A.G.V. DIE PERSIESE GOLF OORLOG EN DIE FEIT DAT HULLE NIE KONTAK GEMAAK HET DIE EERSTE KEER TOE GERARD MET HULLE PROBEER PRAAT HET OP DIE RADIO NIE.DIT WAS NIE LANK OF DIE KLEURE VANDIE SKEPE WAS MERKBAAR EN TENSY DIE IRAKESE NUWE TIPE KAMOEFLERING GEBRUIK HET,WAS ONS VEILIG. DIE TONGE HET BEGIN LOS RAAK UIT DIE VERBASING EN DIE EERSTE WOORDE WAT GEUITER WAS,WAS :'EK WONDER OF DAAR VROUMENSE AAN BOORD IS'. GERARD,RADIO TECH -'OPERATEUR' HET DADELIK OP KANAAL 16 PROBEER KONTAK MAAK MET DIE SOGENAAMDE 'VISTREILERS' MAAR SONDER SUKSES. NA SO KWARTIER IS KONTAK GEMAAK MET DIE 'AMY CHOUEST' EN DIE 'CORY CHOUEST' EN IS BEPAAL DAT HULLE VAN HEARD ISLAND EN OPPAD IS NA KAAPSTAD. HULLE IS TANS BESIG MET 'N EKSPERIMENT WAT DIE TOETS VAN SPOED VAN KLANK ONDER WATER BEHELS. VANAF KAAPSTAD GAAN HULLE NA DIE MIDDELANDSE SEE OM DIE EKSPERIMENT TE VOLTOOI. HULLE HET ONGELUKKIG 'ENJIN' PROBLEME ONDERVIND EN MOES BY MARION AANDOEN. ONS HET HEELTYD KONTAK MET HULLE GEHOU EN DIT WAS NIE LANK OF 'N REDDINGSBOOT MET 'N GROEP BESOEKERS WAS OPPAD.

SOOS ONS KON SIEN HIER VANAF DIE PUNT,HET DIT MAAR SOOS TIEN MENSE GELYK WAT AAN WAL GAAN KOM EN HET ONS GEDINK DIT WAS NIE 'N PROBLEEM NIE.MIN WETEND WAT OP ONS WAG,HET ONS BEGIN HELP MET DIE AAN-WAL-KOMMERY.SEWE VAN ONS HET GEHELP EN NA +/- N HALFUUR SE SWEET WAS DAAR 27 MANS, 6 DAMES, 1 DOOS GARNALE, +/- 15 WATLEMOENE, 2 DOSE EIERS, 1 DOOS LEMOENE, 1 DOOS POMELO'S, 2 DOSE TAMATIES, +/- 20 KG MAELVLEIS, 16 HOENDERS (GEVRIES-NATUURLIK),3 KARTONNE SIGARETTE, 16 DOSIES SJOKOLADE EN TWEE DOSE 'HAMBURGER PATTIES' (ONS WONDER NOGSTEEDS OF HULLE NIE HEEL BEESTE IN BOUDSPEK TOEDRAAI EN DAN AS LAASGENOEMDE VERKOOP NIE).NA AL DIE AFLAAIERY IS DAAR NA DIE KAMERAS GEGRYP EN DAAR IS FOTOS GENEEM VAN MEKAAR EN DIE OMGEWING. DIE TIPES KAMERAS WAT HIER UITGEKOM HET SOU MENIGTE FOTOGRAAF NA SY ASEM LAAT SNAK HET. 'N PARTYTJIE HET ONTWIKKEL IN DIE KROEG EN DIT WAS NIE LANK OF DIT HET JOLIG GEGAAN. HULLE HET

NATUURLIK GEEN ALKOHOLIESE VERVERSINGS OP DIE SKIP GEHAD NIE EN HET VAN HIERDIE GULDE GELEENTHEID GEBRUIK GEMAAK.STAALTJIES IS UITGERUIL,SO OOK ADRESSE.SOENTJIES IS UITGEDEEL AS DANKBETUIGING VIR GESKENKE.DIE ERGSTE VIR HULLE WAS NATUURLIK DAT HULLE GEDINK HET DAAR WAS 4 MENSE OP DIE EILAND EN WAS GESKOK OM TE HOOR DAT 20 DIE KORREKTE SYFER IS.HULLE KON NATUURLIK NET ENGELS PRAAT EN DAAR IS SO BIETJIE GESUKKEL MET DIE AKSENTE ONDER ONS. AFRIKAANS WAS NATUURLIK GLADNIE HULLE TWEEDE TAAL OP SKOOL EN DAAR WAS 'N GROOT KOMMUNIKASIE GAPING TOT VELE GENOT VAN ONS ALMAL. SO TEEN 19HOO HET DIE TWEE KAPTEINS BESLUIT DAT DIT IS NOU TYD OM TERUG TE KEER NA HUL SKEPE.DIE VERTREK IS NATUURLIK IN DIE WIELE GERY DEUR DIE FEIT DAT DIE REDDINSVAARTUIG WAARMEE HULLE AANWAL GEKOM HET DAARIN GESLAAG HET OM HOMSELF IN SY EIE ANKERTOU VAS TE WOEL. DUIKERS WAS BENODIG EN DIT WAS NIE LANK OF HEIN EN DELMAINE HET SOOS TWEE WAFFERSE REDDINGS DUIKERS DIE OU VAARTUIGIE UIT SY PENARIE GEHELP. DIE ANKER IS AFGESNY EN IS NOU OP DIE EILAND IN DIE KROEG GEPLAAS AS AANDENKING VAN DIE BESOEK. VIR TEN MINSTE SES URE NA HULLE VERTREK WAS HUL BESOEK OP DIE MANNE SE LIPPE EN 'N NAAM WAT KORT KORT GEHOOR WAS,IS NATUURLIK ' LYNNE'.SY HET NATUURLIK DIE MANNE SE HARTE HEELTEMAL GESTEEL MET HAAR PERSOONLIKHEID. MARION NUUSREDAKSIE HET NATUURLIK GEVOEL DAT DIT NODIG SO WEES OM 'N ARTIKEL HIEROOR TE SKRYF MAAR NA VELE ONDERHOUDE HET DIT BASIES NEERGEKOM DAT NIEMAND HUL MEISIES OF VERLOOFDES SOU VERUIL NIE.STEV NATUURLIK UITGESLUIT. (SIEN LAASTE PARAGRAAF)

DIE KATJAGTERS HET NATUURLIK HIERDIE HELE EKSKAPADE MISGELOOP EN HET EERS DIE 12 DE EN 13 DE FEB TERUG GEKEER VANAF HUL HUT EKSKURSIE. DIE KAT TELLING HET IN DIE SESSIE VAN 113 NA 115 GEGROEI. DIE TWEE IS NATUURLK BEIDE DEUR DELMAINE GEEILMINEER MAAR VERDERE DETAIL WORD DEUR DIE UITGEWERS BEPERK. DIE VOLGENDE SESSIE HET BEGIN OP DIE 20 STE FEBRUARIE EN DIE EERSTE VANGS WAS OP DIE 26 STE ONTDEK BY KILDALKEY-DIE JAGTERS WEEREENS HEIN EN DELMAINE. BAIE GELUK. ALBERT EN KONRAD SE BOERPOT HET DIE VOLGENDE DAG UITBETAAL BY SWARTKOP EN DIE TELLING STAAN NOU BY 117. DAAR WORD GEVIND DAT AL HOE MEER GREY PETRELS NOU BEGIN TERUGKOM VIR DIE WINTER EN AL HOE MEER WORD OPGEMERK A.G.V DIE MIN KATTE.DAAR IS MIN KATTE OOR OP DIE EILAND EN DAAR IS NET 'N PAAR WAARVAN KENNIS GEDRA WORD.DIE OUENS JAG NOU BAIE OM HIERDIE STELLING VERKEERD TE BEWYS MAAR SIEN NIKS NIE. ONS HOOP MAAR ALMAL DAT HIERDIE PROBLEEM NOU OP 'N EINDE IS.

EINDE DEEL EEN VAN TWEE DELE

NNNN
ZCZC 961 01621
AAHQ16 FAME 060658
MP 968

M47-345

1961-03-07

DEEL TWEE VAN TWEE DELE

14 FEB BREEK AAN..... VALENTYNSDAG..... HIER EN DAAR LOOP 'N KAMERAAD ROND MET 'N NOSTALGIESE UITDRUKKING OP SY GESIG. PARTY NATUURLIK HEEL VERNIET. DAAR WORD BESLUIT OP 'N EKSOTIESE MAAL DEUR JACHA EN STEVE EN DIT WAS NIE LANK NIE OF DIE STOOF WAS WARM EN DIE POTTE RAAS. BAIE VAN DIE OUENS HET INGEKOM OM 'N DIS OF TWEE TE MAAK EN SOOS GEWOONLIK WAS DAAR DIE WAT KOM KNOEI HET. DIT HET OOK NIE LANK GEDUUR VOORDAT HIERDIE KOOKSESSIE IN 'N PARTYTJIE ONTAARD HET NIE. WAT OP DIE EINDE VAN DIE DAG AAN DIE TAFEL GESIT IS, WAS: GARNALE UIT AUSTRALIE, SJOKOLADE UIT HAWAI, RYS UIT SUID AFRIKA (AZANIE?), SIGARETTE UIT AMERIKA EN SO MEER. DANIE, ONS LEIER, BAAS KNOEIER, OPSTOKER EN WEERKUNDIGE, HET VIR 'N PAAR MANNE HUL GESKENKE GEGEE WAT VIR VALENTYNSDAG BEDOEL WAS.

WEL MENSE, VERDERE NUUS VAN DIE EILAND IS IN DIE VOLGENDE KORT BROKKIES VERDEEL. DANIE WAS WEEREENS OM DIE EILAND EN SEDERT SY TERUGKOMS LOOP HY MET 'N GLIMLAG OP SY GESIG ROND WAT MENIGE NAR SAL SKAAM MAAK, EK WONDER WAT HY GEVIND HET, ONS NEEM MAAR AAN DAT HY DIE EKSKURSIE GENIET HET. DIE GYM WORD NATUURLIK DEESDAE TOT MEER AS SY VOLLE POTENSIAAL BENUT EN 'N MAN MOET TWEE WEKE VOOR DIE TYD 'N AFSPRAAK MAAK VIR 'N GOEIE PYN-EN-LYDING SESSIE. DIE REDE HIERVOOR IS NATUURLIK DAT DIT MOS NOU TYD IS OM HUISWAARTS TE KEER EN 'N PLAN MOET GEMAAK WORD OM ONS ADONIESE NAAM HOOG TE HOU. DIETE WERK NIE OP DIE EILAND NIE SYNDE GERHARD REEDS VIR DRIE DAE OP EEN WAS EN IN DIE PROSES 2 KILOS OPGETEL HET. HY HET HOM EGTER NIE LAAT AFSKRIK HIERDEUR NIE EN MET NET 'N PAAR OGGEND-SWEET-SESSIES IN DIE GYM, WAS DIE OU PAAR KILOS OOK WEG.

STEVE WOU OM DIE EILAND GEGAAN HET MAAR IS NA DRIE DAE SE SWAK WEER SO ONTSTEL DAT HY DIE HELE STORIE GEKANSELEER HET. IAN IS NA GREY-HEADED IN 'N POGING OM NA STAAT PRESIDENT SWART PIEK TE GAAN MAAR DIE POGING IS OOK IN DIE WIELE GERY DEUR SWAK WEERS= OMSTANDIGHEDE. HY HET TERUG GEKEER DIE DAG TOE DIE SKEPE GEARRIVEER HET. GERARD IS NATUURLIK DIE PLAASLIKE NUUS VERSLAG= GEWER MET DIE DAAGLIKSE BYDRAES OOR DIE VERLOOP VAN SAKE IN DIE PERSIESE GOLF WAT HY VIA DIE AMATEUR RADIONETWERK ONTVANG. DIE OORLOG IS OOK NOU BASIES VERBY TOT MENIGE VAN ONS SE VERLIGTING. POLITIEK IS DEESDAE 'N VEEL BESPROKE ONDERWERP IN ONS MIDDE MET DIE TOEDRAG VAN SAKE IN SUID AFRIKA. ONS SAL EGTER NIE DAAROP UITBREI NIE.

VERDERE SKINDERNUUS IS DAT ANDRE (VOEL) SY KOLOSSALE BAARD AFGE= SKEER HET EN NOU GLAD NIE MEER SO GEWILD BY CHRISTO EN HEIN IS WAT ONS PROFESSIONELE BAARDKWEKERS IS NIE. EK MOET BIEG, DIE MAN LYK NOU HEEL ANDERS VANDAT DIE HARE WAT SY GESIG BEGIN TOEGROEI HET, AF IS. DIE MAN HET GLO VERANTWOORDELIKHEDE EN KAN NIE TUIS OPDAAG AS HY SOOS DIE KINDERBYBEL-DUIWEL LYK NIE. SOMMIGE KOLLEGAS GROEI NOU WEER HARD AAN HULLE SNORRE NADAT HULLE GEHOOR HET HULLE GAAN NA WALVIS BAAI VIR 'N WEERMAG KAMP SODRA ONS TERUG IS..... DIE ARME JACQUES.

WEL, SOOS JULLE OOK WEET IS DIE SKIP SE VERTREK DATUM UIT DIE KAAP VERTRAAG NA DIE 4DE APR EN ONS HET 'N VOELTJIE HOOR FLUIT DAT ONS DALK TEEN DIE 10DE MEI IN DIE KAAP TERUG SAL WEES, ONS WEET EGTER NIE HOE BETROUBAAR DIE INLIGTING IS NIE. GERHARD EN JACQUES HET BAIE SLEGTE NUUS GEKRY TOE HULLE HOOR DAT HULLE VIR DIE OORNAME TYDPERK OP DIE SKIP MOET WERK. GERHARD IS NIE JUIS 'N MAN WAT VAN DIE OOP SEE HOU NIE. HULLE BEPLANDE VAKANSIE GEDURENDE DIE OORNAME TYDPERK WAARTYDENS HULLE SO MIN AS MOONTLIK WOU DOEN, IS OOK HIERMEE IN DIE WIELE GERY. LAASTE VAN DIE SKINDERNUUS IS DAT DIE SEWENDE 'DEAR JOHNNY' VIR DIE JAAR DEURGEKOM HET EN HIERDIE KEER WAS STEVE DIE SLAGOFFER. NA MEER AS 'N JAARLANGE GETROUE VERBINTENIS HET HY VIR HOM 'GEKRY' EN IS DIE TREKPAS AAN HOM UITGEDEEL. AL WAT NOU IN DIE KIND SE KOP AANGAAN IS OM LOS TE WEES EN HY PRAAT NET VAN MOTORFIETS TOERE.

OOR DIE DIERELEWE IS DAR MAAR MIN TE RAPPORTEER BEHALWE DAT DIT MERKBAAR IS DAT DIE WINTER NOU IN AANKOMS IS. OOR DIE ALGEMEEN WORD DAAR NOG ROB SENSUSSE GEDOEN EN DIE VERHARINGS TYDPERK VAN OLIFANT ROBBE IS NOU OP 'N EINDE. DIE TROPICALIS EN GAZELLA PELS= ROB KLEINTJIES SE MATES IS GENEEM EN DIE TWEDE EN LAASTE OPMETINGS SAL NOU BINNEKORT PLAASVIND. OOR DIE GEVLEUELDE VRIENDE IS DIE NIE JUIS NUUS NIE, DIE MACARONI PIKKEWYNE BEGIN WEER VERTREK EN DIE WHITECHINS SE MAE IWORD GEPOMP OM DIE DIEET VAN DIE VOEL VAS TE STEL, 'N TAKIE WAT DIE MANNE LAAT NAGTE WAKKER HOU.

DIE VELDASSISTENTE KOM NOU DIE 11DE MAR WEER IN EN SAL DAN EERS OM EN BY DIE 20STE WEER UITGAAN VIR HUL LAASTE SESSIE VOOR

DIE SKIP KOM MAAR MENSE, DIT IS NOU EERS AL, ANDERS HET EK NIKS OOR OM VOLGENDE MAAND TE SKRYF NIE. LET WEL: VOLGENDE MAAND SE NUUSBRIEF SAL 'N ANDER VORM AANNEEM EN DIE SPESIFIEKE VERSOEK/ NUUSBRIEF/WAARSKUWING MOET MAAR MET 'N KNIPPIE SOUT GENEEM WORD - REDAKSIE.

GROETE AAN ALMAL VANAF MARION EN MAAK MAAR GEREED... ONS IS EEN VAN DIE DAE WEER TERUG.

WEERDATA VIR FEBRUARIE

GEMIDDELDE DRUK	1011.4 HPA
GEMIDDELDE TEMP	8.7 GRADE C
MINIMUM TEMP	1.2 GRADE C
MAKSIMUM TEMP	19.6 GRADE C
GEMIDDELDE VOG	79 PERSENT
GEMIDDELDE SONSKYN	6 URE PER DAG
REENVAL VIR DIE MAAND	121.1 MM
MAKSIMUM WINDSTOOT	108 KM/H

WEERDATA DEUR DANIEL (WONDERKIND) FERREIRA.
NUUSBRIEF (NAMENS DEON) GESKRYF DEUR STEVE.

EINDE DEEL TWEE VAN TWEE DELE